



The Office Of The Principal and Vice - Chancellor

PROF MANDLA MAKHANYA, PRINSIPAAL EN VISEKANSELIER
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
DIE MYNBOUHANDVES-SEMINAAR
FUNKSIESAAL, 4^{DE} VLOER, KGORONGGEBOU
29 APRIL 2019

Programdirekteur, omdat hierdie 'n akademiese instelling is, het ek besluit om die eerste deel van my bydrae met 'n akademies-gemotiveerde inleiding te begin. Ek is egter nie van plan om 'n omvattende akademiese uitleg van mynbou en die dinamika van die bedryf te gee nie.

Ek wil 'n breë uitleg gee met die doel om uiteindelik die vraag te vra: Waarheen is die Suid-Afrikaanse mynboubedryf op pad? Ek doen dit met die verwagting dat die Minister dan strategiese antwoorde op baie van ons vrae sal gee en moontlik op 'n paar van my voorstelle sal reageer.

Om te kom waar ons vandag is, stel ek voor ons kyk terug na hoe mynbou in ons land ontwikkel het. Ons doen dit in 'n poging om iets te leer wat ons in ons hedendaagse situasie kan toepas.

Met dit in gedagte, wil ek vier areas bespreek wat ek glo krities is as ons oor sommige van die huidige uitdaging in die mynbousektor wil praat.

Eerstens wil ek vlugtig kyk na die ontwikkeling van grootskaalse mynbou in Suid-Afrika en die nalatenskap daarvan. Ek gebruik spesifiek die term "grootskaalse mynbou" omdat mynbou in Suid-Afrika nie in die 19^{de} eeu begin het nie. 'n Aantal studies demonstreer dat mynbou in Suid-Afrika so oud soos die mensdom self is¹.

Tweedens wil ek kortliks na die huidige uitdagings in die sektor kyk.

Derdens wil ek 'n paar innoverings voorstel wat ondersoek kan word.

Laastens wil ek 'n paar moontlike strategiese vennootskappe voorstel wat ons kan oorweeg.

Ontwikkeling van mynbou en die eerste fase van moderne kapitalisme: 1870 tot 1910, en daarna

In sy boek *An Economic History of South Africa: Conquest, Discrimination and Development*, voer Charles H. Feinstein (2005) aan dat die aard en

¹ Sien byvoorbeeld: Evers, TM & Van der Berg, RP (1974) Ancient Mining in Southern Africa, with reference to a copper mine in the Harmony Block, North-Eastern Transvaal, *Journal of Southern African Institute of Mining and Metallurgy*, Volume 74, Number 6, 1 January 1974, pp. 217–226; More, CE (1974) Some Observations on 'Ancient' Mining at Phalaborwa, *Journal of Southern African Institute of Mining and Metallurgy*, Volume 74, Number 6, 1 January 1974, pp. 227–232; and, Evers, TM (1975) Recent Iron Age Research in the Eastern Transvaal, South Africa, *The South African Archaeological Bulletin*, Volume 30, Number 119/120, pp. 71–83

verloop van Suid-Afrika se ekonomiese geskiedenis deur 'n unieke kombinasie van beide menslike en natuurlike hulpbronne beïnvloed is².

Feinstein beweer verder dat dit uniek was omdat ander lande, veral die wat deur Europese magte verower is, een van die twee gehad het, maar nie beide nie. Dit was grootliks as gevolg van die feit dat, al het hulle natuurlike hulpbronne gehad, het hierdie lande nie genoegsame menslike hulpbronne gehad nie.

Anders as in die geval van die inheemse mense van die VSA, Nieu-Seeland en Australië, was die inheemse mense van Suid-Afrika 'n sterk mag met betrekking tot getalle. Die unieke karakter van kolonialisme in Suid-Afrika was nie om die inheemse bevolking uit te wis nie, maar om dit te behou vir uitbuiting soos die behoefte aan arbeid begin en toenemend uitgebrei het.

Alhoewel Feinstein die gebrek aan statistiek erken, beraam hy dat die inheemse bevolking aan die begin van die 1800's ongeveer 1,5 miljoen was. Verder was daar 'n halfmiljoen Europeërs, wat die land se bevolking op twee miljoen te staan gebring het.

Dit was egter eers in 1867, toe grootskaalse diamantmyne in Kimberley begin is, wat die menslike hulpbronne van die land ten volle uitgebuit is nie. Die diamantstormloop wat die uitbuiting van hierdie waardevolle metale tot gevolg gehad het, het Afrika-arbeiders uit verskeie dele van die land, insluitende die naburige Mosambiek en Zimbabwe, gelok³.

² Feinstein, Charles H (2005) *An Economic History of South Africa: Conquest, Discrimination and Development*. Cambridge, Cambridge University Press

³ Turrell, Robert V (1987) *Capital and Labour on the Kimberley Diamond Fields, 1871–1890*. Cambridge, Cambridge University Press

Hierdie ontwikkeling het, soos toe goudmynbedrywighede in 1886 aan die Witwatersrand begin het, die proletariatisering van Afrikane tot gevolg gehad. Omdat die Afrikane van hul grond ontnem is en dit moeilik was om van landbou te oorleef, het hulle hul arbeid as mynwerkers in beide Kimberley en Johannesburg begin verkoop.

Soos Turrell uitwys, kon min dit regkry om nie hul arbeid te verkoop nie, maar eerder landbouprodukte aan myners te verkoop⁴.

Ons kan hieruit aflei dat twee ontwikkelings met die opkoms van grootskaalse mynbou plaas gevind het. Die eerste was die diversifisering van die Suid-Afrikaanse ekonomie van landbou, wat nou mynbou ingesluit het.

Die tweede ontwikkeling was die opkoms van die Afrika-werkersklas, direk as mynwerkers en later as industriële werkers soos Suid-Afrika begin het om te industrialiseer. Dus, op die vlak van ekonomiese ontwikkeling en samestelling, kan ons die koms van die mynbou-industriële-kompleks sien.

Aan die ander kant, het die opkoms van die mynbou-industriële-kompleks tot die tweede en derde fase van spoorvervoer gelei.

Dit het op 'n nederige vlak in 1858 in Natal en die Kaap begin en was slegs 100 km in 1870⁵, maar spoorontwikkeling het met die konstruksie van Kimberley-verbinding en later die Witwatersrand-verbinding uitgebrei⁶.

⁴ Ibid, pg. 21

⁵ Inggs, E.J (2016) *Economic History of South Africa – MO001 for ECS2609*. Pretoria, University of South Africa. Pg. 160

⁶ Ibid, pgs. 160 & 165

Uit hierdie oorsig leer ons hoe die ontwikkeling van grootskaalse mynbousektor tot die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie gelei het. Hierdie ontwikkelings het spesifiek tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kapitalistiese stelsel gelei, waarvan die aard en inhoud 'n rassekwessie geword het.

Die res is, soos hulle sê, geskiedenis.

Maar waarom bring ek al die historiese ontwikkelings na 'n geleentheid wat ten doel het om die huidige uitdagings in die sektor te ondersoek?

Huidige uitdagings vir die mynbousektor

Programdirekteur, 'n omvattende studie en diep ontleding van die geskiedenis van die mynboubedryf beweer dat vir ons om die hedendaagse uitdagings te verstaan, moet ons terugkyk en verstaan hoe ons hier gekom het.

Eerstens, sedert die begin was die mynboubedryf eksklusief met betrekking tot eienaarskap. Dit het die rassepatrone van eienaarskap en beheer gevolg en afgedwing wat uit kolonialisme en daaropvolgende bewind van rasse-uitsluiting en -uitbuiting gespruit het⁷. Ons moet hierdie hardkoppige probleem dus steeds bespreek.

Ek verstaan dat besprekings rondom die Mynbouhandves⁸ hierdie probleem, onder andere, wil oplos.

⁷ Sien byvoorbeeld: Yudelman, D (1984) *The Emergence of Modern South Africa: State, Capital, and the Incorporation of Organised Labor on the South African Gold Fields, 1902–1939*. Cape Town and Johannesburg, David Philip; and, Magubane, B.M (1979) *The Political Economy of Race and Class in South Africa*. New York and London, Monthly Review Press

⁸ Government of South Africa (2018) *Draft Broad-Based Socio-Economic Empowerment Charter for the Mining and Minerals Industry, 2018*. Government Gazette: Republic of South Africa, Volume 636, Number 41714, 15 Junie 2018. Besoek op 27 April 2019 by http://www.gpwonline.co.za/Gazettes/Gazettes/41714_156_MineralandEnergy.pdf

Die tweede ding wat ontwikkel het soos die mynboubedryf gegroei het, was die uitsluiting van plaaslike gemeenskappe van enige voordele wat spruit uit 'n nuwe bedryf wat op hul grond ontwikkel is.

Op 'n eenvoudige vlak, dit was omdat grondontneming byna verby was teen die tyd wat grootskaalse mynbou begin het.

Behalwe vir 'n paar gevalle, soos die gevalle wat ek vroeër genoem het van die gemeenskappe in Kimberley wat ietwat by kleinskaalse handel gebaat het, het die meeste gemeenskappe nie by mynbouaktiwiteite gebaat nie.

Ek wil nie hê dit moet lyk of ek 'n simplistiese houding teenoor hierdie groot uitdaging het nie. Dis 'n probleem wat die Minister beslis sal hanteer. Dit is een van die hardkoppigste uitdagings van ons tyd, wat ek weet ook deel van die besprekings rondom die Mynbouhandves vorm.

Dit is ook duidelik dat dit nie net die kwessie is van hoe gemeenskappe by mynbouaktiwiteite wat in of naby hul areas plaasvind, wat oorweeg moet word nie. Dit is die aard en inhoud van daardie voordele waarna ons moet kyk.

'n Vlughtige ondersoek na die geskiedenis is weereens belangrik.

Behalwe vir die opkoms en vorming van Suid-Afrika se industrialisering, het grootskaalse diamant- en goudmyne direk tot die ontstaan van die

Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand gelei. Dit was as gevolg van die behoefte aan ingenieursvaardighede⁹.

Daar kan aangevoer word dat al ons plaaslike universiteite, soos universiteite regoor die wêreld, as gevolg van 'n behoefte aan sekere vaardighede ontstaan het.

'n Afwyking wat moeilik is om te verduidelik is dat Kimberley nooit tot 'n groot stad soos Johannesburg gegroei het nie. Tot onlangs het hy nie sy eie universiteit gehad nie. Dit was dus 'n klassieke geval van 'n area waarvan die natuurlike bronne ontgin is met geringe agting om die area en sy mense te ontwikkel.

Dieselfde waarneming kan gemaak word ten opsigte van die myndorpe van Mpumalanga.

Ongeag die feit dat dit die hoofverskafferbasis vir die land se energiebehoefte in die vorm van steenkool is, wat vir elektrisiteitproduksie benodig word, het al die myndorpe in daardie provinsie klein gebly. Dit is weer slegs onlangs, onder die demokratiese regering, wat ons nou 'n universiteit daar het.

Wat is dus die lesse uit hierdie waarnemings en moet gedoen word?

'n Paar moontlike innoverings wat oorweeg kan word

⁹ Sien <http://www.uct.ac.za/main/about/history>, and, <https://www.wits.ac.za/mecheng/history/> (Besoek op 27 April 2019)

Een van die groot besprekingspunte rondom die ekonomie van mynbou in ons land, is die behoefte om 'n sterk veredelingsbedryf te ontwikkel. Ons almal weet dat dit 'n area is waarin die Minister 'n kenner is. Ons moet, as 'n kwessie van dringende noodsaaklikheid, die praktiese implementering hiervan bespoedig.

Minister, ek stel voor dat een van u oorwegings, bykomend tot veredeling, en ek is seker u doen dit, is om as 'n voorwaarde vir enige toekomstige mynboubedrywighede, te voorkom dat die foute van die verlede weer gemaak word.

Wat bedoel ek hiermee?

Ek stel voor dat dit 'n oorweging moet wees dat nuwe mynbouaktiwiteite moet aansluit by planne vir industrialisering van die area.

Nuwe dorpe moet dus rondom hierdie areas beplan en ontwikkel word wat hoofsaaklik op vervaardiging moet fokus.

Dit is nie vir my nodig om te beklemtoon dat vervaardiging die grondslag van enige land se ambisie om te ontwikkel bly nie. As deel van die strategie vir ontwikkeling, moet dat daar dus 'n weldeurdagte, goed beplande en deeglik bestuurde inisiatief wees om beleggings vir die nuwe mynbou-area te wees.

Rakende hierdie inisiatief vir beleggings om 'n bestendige vervaardigingsbasis van verwante en onverwante industrieë te bou, moet deeglik beplande ruimtelike planne vir menslike nedersettings wees.

Deeglike planne vir industrialisering en menslike nedersettings sal natuurlik tot die "inskop" van die versterking van ekonomiese uitwerking lei wat weer aanleiding gee tot die ontwikkeling van diensindustrieë.

Ek sê al hierdie dinge met die eindigheid van minerale hulpbronne in gedagte.

Ons weet maar te goed dat die lot van baie myndorpe, wat eens vooruitstrewend was, nou die risiko loop om "spookdorpe" te word, soos Kleinzee¹⁰ in die Noord-Kaap.

Toekomstige beplanners moet dus dink aan hoe hulle kan verseker dat sodra die ontwikkelings wat ek pas voorgestel het plaasvind, die dorpe steeds sal gedy nadat die myne opgehou produseer het.

Ons uitdaging vandag is nie of ons, as mensdom, die afhanklikheid op eindigende hulpbronne met hernubare hulpbronne kan vervang nie. Dit het ons reeds gedoen met, byvoorbeeld, die talle alternatiewe vir rubber, soos silikon. Fossielbrandstowwe sal dus uiteindelik met hernubare stowwe vervang word; die wat ons reeds ken en die wat ons deur wetenskaplike innovering sal ontdek.

Ons uitdaging is eerder om volhoubare ekonomiese aktiwiteite uit die mynbou te skep wat die mynbou sal oorleef. In hierdie verband moet ons die modelle bestudeer wat lande soos China en Katar saamgestel het. Beide is onderskeidelik betrokke by aggressiewe, maar goed beplande

¹⁰ Sien <https://www.sa-venues.com/attractionsnc/kleinzee.php> (Besoek op 27 April 2019). Die dorp in 1927 gestig en het tot ongeveer 2009 diamante vervaardig toe De Beers afgeskaal het en uiteindelik sy bedrywighede gestaak het. Teen 2011 was die meeste van die geraamde 370 huise leeg en het die bevolking van 7 000 tot 1 000 afgeneem.

navervaardiging en oliesperboom.¹¹ Daarom is hierdie seminaar belangrik om die hoëronderwyssektor, 'n gespesialiseerde organisasie vir minerale hulpbronne, Mintek, die Departement van Minerale Hulpbronne en die industrie byeen te bring.

Die behoefte aan strategiese samewerking 'n paar moontlikhede

Ons hoop dat hierdie interaksie tot strategiese samewerkings sal lei wat sal help om oplossings te vind vir sommige van die uitdagings. Ek onderneem dus dat ons as 'n universiteit gereed is om by te dra om daardie oplossings te vind of te formuleer.

Die Universiteit van Suid-Afrika kan beslis op verskeie vlakke bydra wat met sommige van die moontlikhede wat ek vroeër genoem het, verband hou.

Eerstens kan ons kollegas in die Kollege vir Regsgeleerdheid genader word vir menings oor verskeie areas wat met transformasie verband hou en hoe die proses van die Mynbouhandves geïmplementeer kan word.

Terwyl ons self, as 'n universiteit, met transformasiekwessies "worstel" is ons houding oor transformasie eenvoudig: transformasie is 'n

¹¹ Sien byvoorbeeld: Li, S; Li, M; and Tan, JJ (1998) Understanding Diversification in a Transition Economy: A

Theoretical Exploration, *Journal of Applied Management Studies*, Volume 7, Issue 1, pp. 77–94; and, Morakabati, Y;

Beavis, J; and, Fletcher, J (2014) Planning for a Qatar Without Oil: Tourism and Economic Diversification, a Battle of Perceptions, *Journal of Tourism Planning and Development*, Volume 11, Issue 4, pp. 415–434

ononderhandelbare noodsaaklikheid om te verseker dat ons inklusiewe groei kan waarborg wat al ons land se burgers bevoordeel.

Die tweede area van moontlike samewerking kan in verhouding tot ekonomiese ontleding en vooruitskatting wees.

Ek het vroeër aangevoer dat nuwe mynbouvooruitsigte met 'n breër beleggingsinisiatief en ruimtelike groei vir die teikenareas verband moet hou. Dit is waar ek glo ons Buro vir Marknavorsing, wat 'n leier in die industrie is, kan bydra.

Laastens kan ons Kollege vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie, spesifiek die Departement van Elektriese en Mynbou-ingenieurswese hul kundigheid deel. Dit is waar praktiese samewerking met Mintek en die nasionale departement vir wetenskaplike en tegniese navrae ondersoek kan word.

Minister, ek wil dus beklemtoon dat ons 'n omvattende bespreking tussen onself as 'n universiteit, Mintek en die departement moet hê om hierdie en ander moontlike areas van samewerking te ondersoek.

Dit is in die lig van hierdie moontlikheid dat vandag se seminar vir my opwindend is omdat dit die saad vir iets groter en innoverend vir die land dra.

Ons as universiteit is gereed om by te dra tot ons nasionale ontwikkeling.

Namens die Raad, bestuur, personeel en studente van die Universiteit van Suid-Afrika, verwelkom ek almal van u.

Dankie!